**18 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 125 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 125:2**

## Soos die berge!

"Rondom Jerusalem is berge …" So word vers 2 ingelui. Die Olyfberg in die ooste, die berg Moria in die noorde, die Perasimberg in die suide en die Westelike Heuwel is die berge waarna hierdie psalmdigter verwys. Hierdie berge het gedien as skanse in vyandige aanvalle op die stad. Hulle het gedien as 'n sekuriteitsheining en beskermingsmuur. Oor die berge kon die vyand nie sonder moeite 'n aanval loods en die stad binnedring nie. Die rowers kon nie sommer net ontsnap nie. Vriend en vyand was bewus van die berge rondom Jerusalem. Met hierdie fisiese beskerming van die berge kon die volk Israel in vrede lewe. Hier was hulle veilig en hier kon hulle die Here dien. Soos die berge , "so is die Here rondom sy volk nou en vir altyd" (vs. 2).

Ons bly nie meer in Jerusalem nie. Ons leef nie meer tussen die skanse van rots en klip nie. Ons vyand is nie meer vlees en bloed nie. In en deur Jesus Christus is ek en jy nou die nuwe Israel. Ons sekuriteit en beskutting is die Rots wat nooit vergaan nie, maar ewig vas bly staan!

As pelgrims op die lewenspad is ons sekuriteit en beskutting by ons Here Jesus Christus alleen. Alhoewel die duiwel met sy septer van goddeloosheid God se volk sonder ophou aanval om ons erfdeel te steel en te probeer om die heerskappy van ons Here te ondermyn, stuur God sy Gees om in ons en om ons wag te staan – nou en vir altyd. Ons kan in vrede lewe. Die Here hou ons veilig. Ons kan Hom met oorgawe dien.

*Sing: Psalm 125:1-3* *Ds Ockie Struwig (Hoedspruit)*